

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Maart 2010 Nummer 89

INHOUDS OPGAWE

- Moenie bang wees nie!** ...1
- So stuur Ek julle** ...3
- God volkome sien in die
toekoms** ...4
- Geweld in die Bybel** ...6

MOENIE BANG WEES NIE!

(Mattheus 17:1-13)

E Viljoen

Aardse stemme stilgemaak

Jesus het met drie van sy dissipels na 'n berg gegaan. Petrus, Johannes en Jakobus word saam met Jesus geneem met 'n heel spesifieke doel. Hy wil hulle iets laat meemaak wat vir die toekoms so belangrik sou wees. Hulle sou daarvoor moes stilbly tot ná die dood en opstanding van Jesus. Maar dit is wel iets wat die hele dood en opstanding van Jesus in 'n *hemelse* lig plaas.

Hy neem drie van sy dissipels na *waar daar geen mense is nie*. Dit is asof Jesus alle aardse geraas, steurings en stemme wil uitskakel. Jesus bring drie dissipels wat moeilik kon en wou glo dat Hy baie sou moes ly en uiteindelik sterf, na 'n plek waar hulle gehelp word om beter te luister na die betekenis van Jesus se kruisdood.

Waarom is dit vir hulle dan nou so belangrik dat hulle sulke drastiese hulp nodig het? In die gedeelte wat voorafgaan aan die sogenaamde "verheerliking op die berg", het Jesus sy dissipels wat hulle geloof in Hom bely het, begin leer dat *die manier* waarop Hy hulle gaan red, *is deur te ly en te sterf*. Dit kon die dissipels moeilik aanvaar. Petrus het Jesus selfs hieroor bestraf. Dit is nou al ses dae later en blykbaar het die boodskap nog nie tuis gekom nie. Nou neem Jesus drie van die dissipels om hulle te gaan leer. Op 'n heel besondere manier – hulle maak iets soortgelyk mee aan wat Moses op die berg meegemaak het toe hy die Here God op die berg Sinai ontmoet het.

Net soos met Moses wat met 'n uitgesoekte groep oudstes die berg kon opgaan, kies Jesus net drie dissipels. Daar kom in beide gevalle 'n wolk van die Here op die berg. Die Here God se heerlikheid skyn in albei gevalle op almal teenwoordig op die berg. Moses verskyn in albei die gebeurtenisse, waardeur albei gebeurtenisse nou verbind word.

Hemelse heerlijkheid uit 'n kwesbare breekbare aardse liggaam...

Daar waar geen ander menseoë is nie, verander Jesus voor hulle oë. Sy klere het blink geword, wit soos sneeu - soos wat geen bleikmiddel op aarde dit kan maak nie. Hierdie Jesus neem sy *hemelse heerlijkheid* voor hul oë aan! *Uit Jesus self* het 'n hemelse heerlijkheid geskyn. Daar skyn *nie* 'n heerlijkheid *oor* Hom nie. Dit is *sy heerlijkheid* wat juis vir almal duidelik word. Jesus het net ses dae vantevore gesê dat sommige van sy dissipels sekerlik nie sal sterf voordat hulle sy hemelse koninklike heerlijkheid gesien het nie. Jesus verander nie in 'n hemelse figuur nie. Maar sy *aardse breekbare en kwesbare liggaam kry 'n hemelse heerlijkheid bygevoeg*. Jesus se dissipels moet juis leer om met nuwe oë te kyk na die kwesbare, breekbare en sterflike koning wat pas bekend gemaak het dat Hy sy goedheid en genade vir hulle wil gee, deur te ly en te sterf.

Soek ons vandag op aarde nog nuwe hemelse stemme, terwyl die hemel ons verwys na Jesus se aardse eg menslike stem?

Daar kom skyn nie 'n hemelse lig oor Jesus nie. Vanaf homself skyn daar 'n hemelse lig uit oor die dissipels. Jesus is nie soos Moses wat vir God op die berg ontmoet het en toe 'n blink gesig gehad het, omdat God se hemelse heerlijkheid oor hom geskyn het nie. *Jesus self is die bron* van die hemelse lig en heerlijkheid.

En by Jesus verskyn twee heel bekende hemelse figure – Moses en Elia. Beide hierdie twee figure is daarvoor bekend dat hulle tydens hulle aardse lewe die berg van die Here opgegaan het om daar sy hemelse heerlijkheid te sien. En hulle is met Jesus in gesprek. Nie somaar 'n geselsie nie. Nee, hulle praat met Jesus, so lees ons in Lukas 9 : 31, *oor sy komende lyding en sterwe in Jerusalem*.

Die hemel kom luister op die aarde na Jesus!

Jesus is nie die een wat hier uit die hemel versterk moet word nie, maar *die dissipels is die swakkes* in die geloof. Die dissipels moet sien hoe dié twee groot profete van die Ou Testament, Moses en Elia, nou in die hemel, daarby belang het om met Jesus oor sy lyding en sterwe te praat. Petrus wou Jesus stilmaak toe Hy vir Petrus vertel van sy lyding en sterwe aan die kruis. Maar Moses en Elia, *kyk, hulle luister na Jesus! Die hemel kom luister na Jesus op aarde!* Dit sal darem erg vreemd wees as die dissipels van Jesus dan nie luister wanneer Jesus hulle vertel oor sy lyding en dood nie!

Die wolk van God se heerlijkheid kom oor hulle op die berg en die Here God self begin praat. Die Here *God self* kom aan die woord. Maar nie om self die hele tyd te praat nie. Teendeel. Die goddelike boodskap uit die hemel is heel eenvoudig: *“Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het; luister na Hom.”* Petrus (en die ander!) wat weier om na Jesus op aarde te luister en wat nie hulle oë wil vestig op sy kruis waardeur daar vir hulle verlossing kom en die weg gebaan word na die hemelse heerlijkheid van die Vader (8 : 38) nie, hulle hoor nou vanuit die hemelse heerlijkheid wat hulle moet doen. *Luister na Jesus wat julle wil wys op sy gekruisigde liggaam en sy gestorte bloed.*

Die bedoeling van die verskyning van die hemelse heerlijkheid is duidelik: die dissipels moet Jesus se aankondiging dat Hy gaan ly en sterf, ernstig opneem. *Vir die hemel is dit nie vreemd en onaanvaarbaar dat Jesus sou sterf nie.* Waarom sou Petrus dan nog probeer verseker dat Jesus nie sal ly nie? Die taak van die dissipels van Jesus is nie om met Hom oor sy dood te redeneer nie, maar te luister. As Moses en Elia graag na Jesus luister, hoeveel te meer sal ons dit dan nie doen nie?! Luister en hoor dat dit die manier is waardeur die hemel vir ons oopgesluit word.

Moenie bang wees nie!

Jesus het duidelik nie die dissipels saam met Hom geneem omdat Hy hulle daar sal nodig hê nie. Hy

**Christus het opgestaan, maar ons sondes het nie.
Dit is vir ewig in Sy graf begrawe.**

- John Brown

het hulle saamgeneem, omdat hulle die hemelse stem en verheerliking nodig gehad het. Vir hulle wat sukkel om hulle vertrou te stel in 'n Verlosser wat ly en sterf, is daar 'n hemelse teregwysing en aanmoediging: "Luister na Hom!". Wanneer hulle dan ook op hulle gesigte neerval uit pure vrees toe hulle die stem uit die hemel hoor, is dit nie die stem uit die hemelse heerlijkheid wat hulle verder help nie. Dit is Jesus wat na hulle toe kom. Hy raak hulle aan en sê: "Staan op en moenie bang wees nie". Hy is werklik die een wat dit moontlik maak om sonder enige vrees voor God te kan leef. Jesus wat gely en gesterf het, is die een wat al ons vrese wil wegneem. Hy is die een wat ook vandag vir ons sê: "Moenie bang wees nie!".

Nadat Jesus dit vir hulle gesê het, was daar skielik niks meer te sien nie. Net Jesus alleen (vs. 8 b)! En hier lê die toets vir ons geloof. Het ons genoeg aan 'n Verlosser wat gely en gesterf het? Soek ons vandag op aarde nog nuwe hemelse stemme, terwyl die hemel ons verwys na Jesus se aardse eg menslike stem? Een ding moet vandag vir ons duidelik wees – Jesus het nie gekom om sy aardse sending uit te voer met hemelse heerlijkheid wat vir alles en almal sigbaar was nie. Teendeel. *Selfs net drie van die dissipels* het die voorreg gehad om Jesus in sy hemelse heerlijkheid op aarde te sien.

Hy is werklik die een wat dit moontlik maak om sonder enige vrees voor God te kan leef.

Wanneer Jesus self sê: "Moenie bang wees nie", is net Hy daar. Heel gewoon sonder enige sigbare hemelse heerlijkheid. Só wil Jesus deur ons aanvaar word. Sy hemelse sending op aarde word uitgevoer sonder allerhande sigbare hemelse toevoegings. Dit het alles maar heel gewoon gelyk. *Net Jesus alleen* was by hulle met die versekering dat hulle vir niks hoef bang te wees nie. Selfs toe Moses in die teenwoordigheid van die Here op die berg was, het hy daarvan afgekome met 'n gesig wat gestraal het van die lig van die heerlijkheid van die Here wat oor hom geskyn het.

Met Jesus is dit heeltemal anders. Jesus se verheerliking op die berg het nie beteken dat Hy

voortaan met 'n hemelse voorkoms op aarde rondgegaan het nie. Wanneer Jesus van die berg afkom, het die dissipels by hulle net die "naakte" Jesus. Hy gaan verder op pad na Jerusalem en dit wat daar vir Hom gewag het...die skande van die kruis – só wil Hy vrede op aarde bring. Só wil Hy alle vrees wegneem.

Vir ons is daar dieselfde opdrag as wat daar vir die dissipels was. Ons moet die hemelse heerlijkheid van Christus heeltemal kan "integreer" met 'n Verlosser wat ly en sterf. Daar is geen weerspreking tussen die een en die ander nie.

SO STUUR EK JULLE

J Stott

Die Here Jesus het dit baie duidelik gemaak hoe die kerk in hierdie wêreld moet staan. En dit nie slegs deur die beelde wat Hy gebruik nie, maar juis ook deur sy eie missie (sending) 'n prototipe of voorbeeld van ons missie te maak: 'Soos U my in die wêreld gestuur het, so stuur Ek hulle in die wêreld'. "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek ook vir julle".

Hierdie 'so – net so' doen meer as om net 'n feit te staaf; dit gee 'n patroon aan.

'Evangelisasie' beteken dat ons kyk na die Kerk, die evangelie en die wêreld. Dit hou egter nie in dat die Kerk nou die evangelie van die huis se dak afkondig aan 'n verre, dowe en onverskillige wêreld nie. Die Kerk gaan met die evangelie in die wêreld staan. Die Kerk infiltreer die wêreld met die evangelie, sy vereenselwig haar met die wêreld om die evangelie met haar te deel.

Daar kan geen twyfel bestaan oor die feit dat die Seun van God Homself ge-identifiseer het met die wêreld waarnatoe Hy gestuur is, nie. Hy het immers nie in die hemel gebly nie, Hy het na die aarde toe gekom. Die woord is nie uit die lug verkondig nie, 'die Woord het vlees geword'. En toe het Hy 'onder ons kom woon'. Hy het nie op 'n vlugtige besoek

Bekommerde sorg is onvanpas in ons hemelse Vader se teenwoordigheid

- Kenneth Wuest

gekom en toe weer vinnig terug huis toe gejaag nie. Hy het geleef in die wêreld waarnatoe Hy gekom het. Hy het die mens die moontlikheid gegee om Sy heerlikheid te aanskou. En Hy het hom ook nie slegs van 'n afstand laat toekyk nie.

Hy het selfs die kerkleiers van Sy tyd aanstoot gegee deurdat hy met die "skuim" gemeng het, daardie mense wat hulle vermy het. 'Vriend van die hoere en die sondaars', het hulle Hom gedoop. Vir hulle was dit 'n term van minagting; vir Hom was dit 'n titel van eer. Hy het aan onreine "moet-my nie-aanraak" melaatses geraak. Hy het ook nie teruggedeins van die liefdevolle aanraking van 'n prostituut nie.

En daarna het Hy, wat deur sy geboorte "vleeslik" geword het, deur sy dood "sonde geword" en 'n "vloek geword". Hy het ons natuur aangeneem, daarna het Hy ons oortredings aangeneem - *ons* verdoemenis, *ons* dood.

Sy self-identifikasie met die mens was totaal en volkome.

**Ons moet gaan soos wat Hy
gegaan het: die mensdom
binnedring, meng met
ongelowiges, en liefdevolle
omgaan met sondaars hê.**

Daarom, as Hy vir ons sê 'gaan', dan is dit wat dit inhou. Ons moet gaan soos wat Hy gegaan het: die mensdom binnedring, meng met ongelowiges, en liefdevolle omgaan met sondaars hê.

Lê een van die Kerk se grootste mislukkings nie juis hierin nie? Ons het onself te veel losgemaak van die wêreld. Ons het 'n afgesonderde gemeenskap geword. Ons was op 'n afstand, in plaas daarvan dat ons langs die wêreld gaan staan het.

(Vrye vertaling van 'n deel uit *Our guilty silence*)

GOD VOLKOME SIEN IN DIE TOEKOMS

TS Huttenga

In vandag se tyd is omgang met God ook moontlik. Hy wat homself aan Jesus Christus toevertrou, kom met God self in aanraking. Danksy die Seun sien ons baie meer van God se heerlikheid as die gelowiges in die Ou Verbond. Tog is alle kontak met die majesteit, die heerlikheid van God nog nie oogkontak nie. Dit is soms asof ons God nie sien nie. Maar in die toekoms gaan dit vir altyd verander!

Ons kennis is gebrekkig

Hy wat Jesus gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:9). Die Seun verklaar aan ons die Vader (Joh. 1:18). Hierdeur is ons seker van dit wat ons van God weet. Die sekerheid kom byvoorbeeld na vore in Romeine 8:28 en die volgende verse.

Ons kan egter ook ons kennis van God oorskat. Dit het in Korinte gebeur (vgl. 1 Kor. 8:1 vv). Dit was juis die rede waarom die apostel Paulus die opmerking maak dat ons kennis onvolkome is (1 Kor. 13:9). As vergelyking wys hy na die kindertyd. Toe hy 'n kind was, het hy gepraat, gevoel en geredeneer soos 'n kind. Noudat hy 'n man is, het hy die dinge van 'n kind afgelê (1 Kor. 13:11). 'n Volwassene kan met 'n glimlag terugkyk na sy jong jeug. Hy het goeie herinneringe daaraan, maar hy sien ook die onvolkomenheid daarvan raak. So sal ons op die nuwe aarde insien hoe gebrekkig ons kennis van God was wat ons op die ou aarde gehad het.

Wat is hierdie "gebrekkige" waarvan gepraat word? Dat ons deur 'n spieël in 'n raaisel kyk (13:12). Die spieëls wat in die ou tyd gebruik is, was nie soos ons s'n nie. Hulle was van koper of brons gemaak, nie heeltemal glad nie en daar was vlekke op. In so 'n spieël kon mens jou eie gesig redelik goed sien. Maar daar kon ook iets onduidelik wees. So kon 'n mens daaraan getwyfel het of daar 'n litteken op een wang was of nie. Deur in so 'n spieël te kyk, was nie dieselfde as die direkte sig op iemand nie. Vandag het ons dus ook nog nie so 'n direkte sig op God nie.

We are not cleansed by Christ so that we can immerse ourselves continually in fresh dirt, but in order that our purity may serve the glory of God. - John Calvin

God sien soos Hy is

Vanaf die wederkoms sal ons God sien soos Hy is (1 Joh. 3:2). Vandag is ons reeds God se kinders en ken ons Hom ook sodanig. Hieruit blyk reeds die Vader se groot liefde vir ons (3:1). Maar die liefde sal al hoe meer sigbaar word. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie (3:2). Dit sal egter definitief onthul word. Ons sal God sien soos wat Hy is.

Wat wil dit sê? Nie dat ons by wyse van spreke dwars deur God sal kyk en alles van Hom sal weet nie. Op die nuwe aarde is Hy nog steeds God en ons is nog steeds skepsels. Ons vereer Hom dan ook nog as God (Open. 7:15; 22:3). Dit is voor die hand liggend om te dink aan wat Paulus in 1 Korinthiers 13:12 geskryf het: '*eendag van aangesig tot aangesig*'. Die onderwysing van Paulus was verseker bekend vir die gemeente waarvoor Johannes geskryf het.

Van aangesig tot aangesig, of soos ons sê: mekaar in die oë kyk. Wanneer ons mekaar in die oë kyk, dan is daar oop kontak. Ons kan niks vir die ander een wegsteek nie. As ons dit wel doen, draai ons ons gesig weg of slaan ons ons oë neer. Dit beteken nie noodwendig dat ons alles omtrent onself hoef te openbaar nie. Maar ons is wel eerlik, en as ons nie 'n antwoord op iets het nie, sê ons dit eerlik. Ons is ook eerlik oor ons gevoelens wat ons oor ons naaste het.

Nou staan ons op 'n dag oog in oog met God. Dit wil nie bepaald sê dat ons Hom sien soos wat ons 'n mens sien nie. God kan wel in 'n mens se gedaante verskyn, maar Hy *is* nie mens nie. Sy Seun is wel mens en ons sal Hom ook so sien (vgl. 2 Kor. 5:6 vv). Maar God die Vader het nie mens geword nie.

Die uitdrukking 'van aangesig tot aangesig' maak duidelik dat dit nie gaan oor hoe ons God waarneem nie. Dit is die onderlinge *verhouding* tussen God en ons wat aan die orde is. Die verhouding is vanaf die wederkoms volkome suiwer. Sondige vooroordele teen die Here God speel vanaf daardie oomblik geen rol meer by ons

nie. Sodoende ken ons Hom soos onself geken word (1 Kor. 13:12). God se kennis van ons was nog altyd suiwer gewees. Hy het nooit vooroordele teenoor ons gehad nie. Hy het daarom ook nie 'n verwronge beeld van ons gehad nie.

Wanneer Jesus terugkom, sal ons vooroordele teenoor God verdwyn. Ons kyk dan, by wyse van spreke, nie meer na die Here God met 'n terughoudende blik nie. Ons kyk openlik na Hom, met die gevolg dat ons kennis van Hom suiwer is. God is dan nie meer *hoofsaaklik* barmhartig, of *veral* regverdig in ons oë nie. En Hy stel ons nie meer teleur nie. Ons ervaar ook nie meer innerlike teenstrydighede by Hom nie. Al sy eienskappe vorm vir ons 'n duidelike geheel. Die almagtige God gebruik die menslike uitdrukking '*van aangesig tot aangesig*' om dit vir ons duidelik te maak.

Om God te sien soos wat Hy is: dit is dus nie 'n wonder dat die apostel Johannes dit as 'n klimaks beskryf nie. Hoe mooi sal dit wees as ons verhouding tot die God van Wie ons nou reeds so baie hou, van al ons vooroordele bevry sal wees!

Ons ervaar dan ook nie meer innerlike teen-strydighede by Hom nie. Al sy eienskappe vorm vir ons 'n duidelike geheel.

Aan Hom gelyk?

Ons sal God sien soos Hy is. En dan? Word ons aan God gelyk? Ons kan daardie indruk kry as ons 1 Johannes 3:2 in sy geheel lees. Maar ons word tog nie soos God nie? Daar word wel gesê dat dit hier oor die Here Jesus gaan: ons word wel aan Jesus gelyk. Maar dit is nie voor die hand liggend in daardie sinsverband nie. Bowendien word ons ook nie heeltemal aan Jesus Christus gelyk nie. Hy bly Here.

Die oplossing vir hierdie probleem is myns insiens dat ons 'n ander vertaling moet kies. Ons moenie lees dat ons aan God gelyk word nie, maar dat ons soos Hy sal lyk. Ons mag seker hiervan wees. God het die mens geskape na sy beeld, as sy gelykenis

Niks is meer gevaarlik vir ons geestelike welsyn as 'n milde vriendelikheid wat glimlag vir die sonde

- Vance Havner

(Gen. 1:26). Na die sondeval vergeet Hy dit nie (Gen. 9:6; Jak. 3:9).

Tog het die mens vervreemd geraak van God. Hy lyk nie meer soos sy Maker nie (vgl. Ef. 4:18). Gelukkig verander Christus dit. Daar kom weer mense wat soos hul Skepper lyk (Ef. 4:24; Kol. 3:10). Dit is dan seker ook vanselfsprekend dat hierdie herstel by die wederkoms volledig sal wees!

Hoekom sê Johannes dat ons weer soos God sal lyk? Dit is sy konklusie nadat hy alles geskryf het. 'n Konklusie wat voortkom uit die verwagting dat hy en hulle aan wie hy skryf, God sal sien soos wat Hy is. God se aangesig openlik sien en Hom dus diens soos Hy is. Dit is slegs moontlik as ons nie meer teenoor Hom skuldig hoef te voel nie. Dit is slegs moontlik wanneer ons weer soos Hy begin lyk, soos in die goeie begin. Sonder heiliging kan niemand die Here sien nie (Heb. 12:14). Jesus het al gesê dat die reines van hart God sal sien (Matt. 5:8).

Hoe mooi sal dit wees as ons verhouding tot die God van Wie ons nou reeds so baie hou, van al ons vooroordele bevry sal wees!

As ons dan op die jongste dag die Here God sal sien soos wat Hy is, moet ons die gevolgtrekking maak dat ons weer op dieselfde manier soos God sal lyk soos toe Hy die eerste mense gemaak het. Om soos God te lyk is nie die gevolg daarvan dat ons God sien nie, maar die voorwaarde daarvoor. In hierdie verband moet dit wel opval dat Paulus in 1 Korinthiers 13 die liefde teken as die weg na daardie punt waarop ons God van aangesig tot aangesig sal sien. Hierdie pad voer inderdaad ver boontoe (1 Kor. 12:31)!

Konklusie

Uit die Skrifgedeeltes wat behandel is, blyk dat by die "sien van God" nie in die eerste plek die *waarneming* van God aan die orde is nie. Dit gaan oor die onderlinge *verhouding* tussen God en ons.

Kan God en ons mekaar 'in die oë kyk'? Vanaf die sondeval kan God ons nog steeds in die oë kyk. Hy kan van niks beskuldig word nie. Maar, ons kan dit nie bekostig om God in die oë te kyk nie. Sy toornige blik sou tot 'n vernietigende blik word. Tog is kontak met die Here God wel moontlik.

Maar vandag het daardie kontak baie verbeter. Danksy Jesus Christus kan, deur die verkondiging van die evangelie, God se glorie vrylik skitter en sy barmhartigheid beter openbaar word as ooit tevore. Desondanks is die kontak nog steeds beperk. Dit is as gevolg van ons sonde en ons sondige natuur. Die gesekulariseerde wêreld waarin ons lewe versterk dan ook nog die sonde.

Tog sal al ons vooroordele op 'n dag verdwyn en dan staan ons oog in oog met God!

GEWELD IN DIE BYBEL

Douma J

As dit gaan oor geweld in die Bybel, wys ek allereers na dit waaroor ons almal saamstem. Die gebruik van geweld vir die verdediging en uitbreiding van die koninkryk van God is vir ons verbode. Daarom verwerp ons elke verheerliking van geweld hartgrondig, soos wat ons dit in allerlei moslim-aksies vind. Om na die wapens te gryp om aanhangers van 'n ander geloof uit te skakel in 'n 'heilige oorlog', is baie duidelik in stryd met wat die Bybel vandag van ons vra.

Menseslagting

Maar, sal iemand dan antwoord, as dit so is, dan moet 'n mens tog ook die geweld in die Ou Testament afkeur? Dink maar aan daardie geweld waarmee die volke, op God se bevel, heeltemal uitgeroei moes word, vrouens en kinders ingesluit. Noem ons dit nie vandag 'menseslagting' wat daar tydens die verowering van Kanaän deur die Israëliete gedoen is nie? Nog 'n stappie verder: Moet ons nie eerlik erken dat so iets eintlik nooit op *God* se rekening geskryf kan word nie, maar dat dit

To forsake Christ for the world is to leave a treasure for a trifle ... eternity for a moment, reality for a shadow, all things for nothing.

- William Jenkyn

eerder die *visie van die skrywers(s)* van 'n boek soos Josua was om deeglike geweld aan God se naam te verbind? Laasgenoemde lees ons byvoorbeeld in die boek van die teoloog Sam Janse, wat onlangs verskyn het. Hy is dankbaar dat in die voortgang van die Bybelse openbaring, geweld op die agtergrond verdwyn het. In die Nuwe Testament word die geweld in God se hande gelê. Hy sal oordeel en daarom hoef ons dit gelukkig nie te doen nie.

Ek stem heeltemal met Janse saam wanneer hy die reg om geweld te oefen in God se hande plaas – daardie God wat eenmaal regverdig oor alle mense sal oordeel. Maar dit beteken nie dat ek die gewelddadige verowering van Kanaän daarmee saam ook agteraf wil veroordeel nie.

Die gelowiges moet baie ly, hulle kan roep om wraak, maar dit is wel God met sy engele en Jesus Christus (!) wat die wraak uitvoer

Voortgang

Daarvoor het ek drie argument. Eerstens lyk dit nie vir my korrek om te beweer dat in die voortgang van die openbaring die oproep tot menslike geweld op die agtergrond verdwyn het nie. So 'n bewering veronderstel dat die oproep tot gebruik van geweld tydens die Ou Testamentiese periode wél op die voorgrond gestaan het. En dat die mense destyds dus die reg in eie hande geneem het in plaas daarvan om dit aan God toe te vertrou. Ek meen dat dit beshry moet word. Die boodskap om die reg *nie* in eie hande te neem nie, is ook duidelik in die Ou Testament aanwesig. Die teks: “My (God) kom die wraak toe en die vergelding” haal Paulus uit die Ou Testament aan (Deuteronomium 32:35). Ek is nou reeds jare met studie van die Ou Testament besig en dit val my herhaaldelik op dat die Israeliet gereeld roep om wraak, maar dat hulle die wraak nie self uitvoer het nie, omdat hulle besef dat *God* die wreker is.

In die tweede plek, as daar in die Ou Testament sprake is van die banvloek, van wraak en

uitroeiing, dan word daar redes daarvoor aangegee. Dit was die *HERE* wat sy volk die opdrag gegee het om die volke wat in Kanaän aanwesig was, uit te roei. Maar Hy het vir Abraham gesê dat die Israeliete die beloofde land eers in besit mag neem as die maat van die misdade van die Amoriëte vol was. Die aartsvaders het as vreemdelinge in Kanaän vertoef en moes gewoonweg met die Amoriëte besigheid doen. Hierdie Amoriëte mog eers eeue later aangeval word. Toe was die tyd ryp daarvoor, nie vroeër nie. En toe die tyd reg was, het Israel nie 'n vrybrief ontvang om almal te dood wat hulle op hul pad van Egipte na die beloofde land teëgekom het nie. Die volk Edom het hulle baie moeite veroorsaak, en tog mog hulle nie 'n voet op die bodem van hierdie broedervolk sit nie.

In die derde plek is dit merkwaardig dat iemand (wat moeite het met die geweld in die Ou Testament) nie 'n opmerking maak oor die groot oordeel van God in die toekoms nie. En dit terwyl daardie oordeel tog ook as baie gewelddadig beskryf kan word, met name in die boek Openbaring. Dit is hier ook sinvol om daarop te wys dat dit nie die gelowiges is wat dan mag toeslaan nie. *Hulle* moet baie ly, hulle kan roep om wraak, maar dit is wel God met sy engele en *Jesus Christus* (!) wat die wraak uitvoer.

Wie die een aspek van geweld nie aanvaar nie (die geweld in Kanaän), kan dus ook nie die ander aspek aanvaar nie (die geweld in die laaste oordeel). Ek kan verstaan dat daar mense is wat vroeër het by sommige van die geweld-tekste in die Bybel. Ek het ook vroeër by sommige van hierdie tekste.

Die radikale oplossing van sommige mense om hierdie geweld dan los te maak van God, beteken egter wel dat ons dan 'n eie Bybel met ons eie beeld van God gemaak het. En omdat ek dit ten alle koste wil voorkom, bly ek liewers met *vroeër* oor die geweld in die Bybel as wat ek by so 'n oplossing moet uitkom.

Al die sorg in die wêreld sal ons nie 'n minuut langer laat leef as die tyd wat deur God vir ons vasgestel is nie.

- JC Ryle